Drama-elemente

Die woord drama kom van die Griekse woord *dran* wat beteken "om te doen/om te speel". 'n Drama word geskryf om deur **akteurs** opgevoer te word, maar kan ook gelees word. 'n Drama kan 'n kombinasie wees van poësie, vertellings, dialoë en danse om 'n boodskap aan die gehoor oor te dra.

Anders as 'n rolprent wat 'n realistiese uitbeelding is, kan die onsigbare sigbaar gemaak word in 'n drama. Die gehoor word toegelaat om hul verbeelding te gebruik en deur die gebruik van simboliek en die regte **stel**, kostuums, grimering, **rekwisiete**, ensovoorts, kan 'n atmosfeer geskep word om die verhaal in te vertel. **Drama-elemente** kan losstaande van mekaar of saam gebruik word om 'n gewenste uitwerking of gevoel te skep, afhangend van die soort **teks** en watter emosie by die gehoor ontlok wil word. [1]

Tema

Die *tema* van die verhaal verwys na die sentrale idee van die storie. In die tema van die verhaal is daar gewoonlik 'n les te leer en 'n boodskap waarvan die gehoor moet kennis neem. Die tema van die verhaal is die rede hoekom die teks in die eerste plek geskryf is.

Gebeure

Hoe die gebeure (ook genoem "*plot*") afspeel, hoe die tonele opmekaar volg en die dinamika van die karakters onderling, speel 'n belangrike rol en dra grootliks by tot die vermaaklikheid van die hele vertoning.

Karakterisering

Wanneer 'n drama geskryf word, word daar lank gewerk aan die ontwikkeling van die verskillende karakters en hul persoonlikhede. Die skrywer kan die karakters

se persoonlikhede op waarnemings uit sy of haar omgewing grond en dit op ’n ander manier in die verhaal weergee. Die karakters se persoonlikhede moet aan die gehoor onthul word, en dit kan op ’n direkte of indirekte wyse gebeur. [2]

- **Direkte karakterisering**: Dit is wanneer die verteller of ’n ander karakter direk met die gehoor praat en meer oor ’n bepaalde karakter vertel.
- **Indirekte karakterisering**: Dit is wanneer die karakters spesifieke dinge doen en sê sodat die gehoor afleidings oor hul persoonlikhede kan maak.

Gehooretiket

Wanneer mense na ’n opvoering gaan kyk, hetsy ’n drama- of musiekopvoering, is daar ’n sekere etiket wat van die gehoor verwag word om die nodige respek aan die teater en akteurs te betoon. In ’n teater kan lede van die gehoor nie onnodig rondloop nie, en selfone moet afgeskakel word, want dit mag dalk steurend wees en die aandag van die gebeure op die verhoog aftrek. Indien dit ’n lang vertoning is, is daar gewoonlik ’n pouse waar die gehoor uit die teater kan beweeg om onder meer verversings te kry en na die kleedkamers te gaan. [3]

Belangrike drama-elemente

Om ’n goeie drama te skryf, is dit belangrik om van 12 elemente bewus te wees, sodat dit in kombinasie gebruik kan word om die spel van die akteurs en die reaksie van die gehoor te vergroot. [4]

Fokus

Die akteur moet daarop fokus om die beste en geloofwaardigste weergawe van die karakter te vertolk.

Intensiteit

Soos wat die storielyn ontwikkel, moet die akteur se spel ook meer intens raak om na die klimaks van die verhaal op te bou.

Tydsberekening

Die regte tydsberekening is belangrik omdat dit die gehoor in staat stel om te kan reageer en sekere elemente van die storielyn te verstaan. Met die korrekte tussenposes kan ’n groter dramatiese effek ook geskep word.

Ritme

In hierdie geval verwys *ritme* na hoe die **dialoog** volg en die spoed van die aksie en reaksie tussen die akteurs wat die rolle vertolk. Hoe vinniger die ritme, hoe meer intens raak die gesprek.

Kontras

Kontras is ’n belangrike element in die skryf van ’n dramateks; dit verhoed dat ’n teks eentonig of vervelig word. Kontras sorg vir verrassings en hou die gehoor nuuskierig.

Gees

Luim verwys na die algehele gevoel van die teks en in watter soort atmosfeer die storie afspeel.

Spasie

Hoe die akteur die spasie van die verhoog benut, is ook belangrik. Elke beweging kan ’n belangrike element simboliseer. Die gebruik van onnodige spasie moet dus nie oorbenut word nie, anders neem dit die aandag weg van die storie.

Taal

Die gebruik van taal kan verbaal of nieverbaal wees. Hoewel die teks in ’n spesifieke taal geskryf is, is lyftaal ook belangrik; sonder om iets te sê, kan ’n karakter baie van die storie liggaamlik uitbeeld.

Klank

Op die regte tye in ’n teks, kan die toevoeging van klank baie help om die storie meer geloofwaardig te maak. Dit moet egter gebalanseerd gedoen word en nie die aandag van die karakters of storielyn wegneem nie.

Simboliek

Sekere voorwerpe dra simboliek (betekenis); sonder dat ’n karakter iets hoef te sê, kan die gebruik van simbole op die verhoog ’n groot bydrae lewer tot die algehele gevoel en boodskap van die storie.

Konflik

Konflik verwys nie noodwendig net na persoonlikhede wat bots nie, maar kan ook verwys na innerlike konflik (wanneer ’n karakter in hom-/haarself twyfel of worstel met ’n gedagte). Konflik kan verbaal en nieverbaal uitgebeeld word.

Klimaks

In ’n drama is daar gewoonlik ’n krisis wat opgelos moet word; die storielyn bou op tot by die klimaks, waar die hoogste piek van die storielyn bereik word en die karakters ’n uitkoms vir die krisis vind, waarna die storie ontknoop.

Teater- en verhoogtipes

Van die vroegste verhoë wat gebruik was, was deur die Romeine gebruik, en hulle het op hul beurt weer kers by die Grieke opgesteek. Dié verhoë was sirkelvormige strukture, eers van hout en later van klip. Dit was ’n opeluggebou met sitplekke wat almal na die verhoog gedraai was; dié sitplekke was effens verhewe bo die grond, sodat almal in die gehoor kon sien wat op die verhoog gebeur. Soos denkwyses en verskillende teaterstyle deur die eeue ontwikkel het, het daar ook verskillende soorte teaters en verhoë ontstaan om by spesifieke soorte storielyne aan te pas. [5]

Proscenium-verhoog

’n Proscenium-verhoog word geraam met gordyne en soms ook hout inlegsels om ’n raamwerk te vorm. Teaters met sulke verhoë beskik ook gewoonlik oor ’n orkesput en ’n vliegtoring, waar vanaf ’n karakter of voorwerp vanuit die lug beweeg kan word.

‘n Voorbeeld van ‘n proscenium-verhoog.

Stootverhoog

Hierdie verhoog stoot (*thrust*) in die gehoor in. Dit word gedoen om ’n gevoel van intimiteit te skep en die afstand tussen die verhoog en gehoor te verklein.

Teater-in-die-rondte

Die verhoog is in die middel van die teater geleë, met die sitplekke rondom. Die akteurs beweeg na die verhoog tussen gange deur, verby die sitplekke.

Arenateater

Sportstadions word gewoonlik as arenas gebruik. Dit is dus baie soos teater-in-die-rondte, maar eerder reghoekig.

Ateljeeteater

'n Ateljeeteater verwys na 'n vertrek wat gestroop is van alle verhewe grondvlakke en waar die sitplekke op dieselfde vlak as die verhoog is. Hierdie soort teater maak die opvoeringservaring baie meer intiem.

Platformverhoog

Hierdie verhoog kom tipies in 'n skoolsaal voor, waar 'n reghoekige vlak aan die een kant van die gebou verhewe is en al die sitplekke in rye staan en na die voorkant van die verhoog gedraai is.

Opelugteater

Hierdie teaters het geen dak nie en maak vir 'n groot deel van die vertoning staat op natuurlike lig. Só 'n verhoog kry 'n mens gewoonlik by opelugkonserte of kunstefeeste te sien.

Plekspesifieke teater

’n Storie kan op enige plek vertel en oorgedra word; dit hoef nie altyd die tradisionele kanale te volg nie. Afhangend van die tipe opvoering kan ’n kroeg, restaurant of huis ook as ’n teater dien.

Wandelteater

Só ’n teater behels dat die gehoor rondbeweeg van plek tot plek en die akteurs rondvolg tydens hul vertoning.

Woordbank

akteurs	Die persoon wat die rol van ’n karakter in ’n storie vertolk.
teks	Die geskrewe vorm van ’n storie, met al die nodige notas vir die akteurs wat beweging, denkprosesse en gebare aanbetref. ’n Teks word ook opgedeel in tonele (hoofstukke). Tekste vir teater, rolprente en radio verskil van mekaar.
teateraanwysings	Die dele in ’n teks tussen hakies of in skuinsdruk wat die rigting op die verhoog aandui, of wat uitwys watter aksie die akteur moet uitvoer, byvoorbeeld “neem ’n sluk water en gaan sit”.
stel	Die konstruksie wat sigbaar is op die verhoog, om die storie en tydgleuf te help uitbeeld.
rekwisiete	Die items wat fisies deur die akteurs tydens die opvoering gebruik word, soos ’n sakdoek, flits, kierie, beker, ensovoorts.
komedie	’n Vorm van drama wat in ’n humoristiese styl geskryf is en gewoonlik op ’n ligte noot eindig.
tragedie	’n Vorm van drama waar die hoofkarakter gewoonlik ’n noodlottige voorval beleef.
dialoog	’n Gesprek tussen twee of meer karakters.
monoloog	’n Gesprek waar slegs een persoon aan die woord is.

konflik	Die innerlike of eksterne stryd waarmee ’n karakter te make het; dit is ook gewoonlik verantwoordelik vir die spanning in die verhaal.

Lees dié artikels om meer te leer

- **Dans**
- **Kostuum**
- **Poppekas**
- **Koraalgedigte**
- **Mimiek**

Kyk dié video’s om meer te wete te kom

Drama as kunsvorm

Die elemente van ‘n drama